

THE HOURGLASS

DIE UURGLAS

CHRISTMAS EDITION

KERSUITGawe

In this Edition:

- *Editorial: It's THAT time of the year again!*



- *Die ontstaan van Graaff-Reinet se Eerste Reservoir*



- *Die Houtkanon van Graaff-Reinet*



Contents: Inhoudsopgawe:

1. Editorial.....	3
2. Die Ontstaan van Graaff-Reinet se 1ste Reservoir ...	10
3. The Gift Shop @ Reinet House.....	18
4. Die Houtkanon van Graaff-Reinet.....	19
5. Museum Hours during the festive season.....	30
6. Words to ponder.....	31



EDITORIAL: It's THAT time of the Year Again!

ANZISKE KAYSTER



We can all consider ourselves Christmas experts to some degree. After all, who doesn't enjoy Christmas? It's embedded in our genes, part of our social fabric, and our heritage. For many of us, myself included, it's deeply rooted in our faith. Whether you are on "Team Baby Jesus" or more drawn to the enchantment of a white-bearded man in a red suit with a bottomless bag of gifts, Christmas has been a regular life-long companion making it almost impossible not to embrace the festivities and cheer. It stands as a reminder of one of the most extraordinary moments in human history and remains one of the most celebrated traditions worldwide. Few events rival the wonder and enduring appeal of Christmas.

From a historical and heritage perspective, Christmas traditions have often been the focus of this newsletter. Over the years, we have explored topics such as festive food, clothing, Christmas cards, and more recently, the music that defines the season. What remains to uncover about this significant occasion that is Christmas? The heart of Christmas, in my opinion, lies in the meaningful, often subtle associations we have created over the years. These associations continually proliferate as an indicator of our wholehearted embrace of the many symbols and traditions that make the season special. From ornaments to carols, every little detail unquestionably adds, often more than we realise at first glance, to the shared memories that make Christmas so meaningful.





For example, the colour blue is not traditionally tied to Christmas, but red, green, and gold are unmistakably festive. These colours - and other symbols - have become ingrained in our cultural consciousness, often without us even realising it, until they feel like part of our personal tradition. A significant part of the utilisation of these symbols is based on oral tradition and ritual passed down through families, communities, and even in specific regions. These practices create images that form a significant part of our culture and give us a sense of belonging, of purpose, and tie us to our place in the world. It's a very human phenomenon and one that connects us all whether we find ourselves in Greenland, Croatia, Abu Dhabi, Nigeria, Mexico and of course, right here in our very own South Africa.


Allow me to attempt an explanation: When I was small, I would always wait up for *Vader Krismis* on Christmas Eve, lying in front of the fireplace in my grandfather's home. It was hard to resist sneaking one of the *Choice Assorted Biscuits*, earlier in the day taken from my grandmother's festive grocery stash, and placed on a plate next to a glass of milk, but they had to stay untouched for *Vader Krismis* and his team of reindeer. Of course, this team included Rudolph (who doesn't know he has a red nose?), along with *Danser*, *Prancer* (in Afrikaans), and the rest of the reindeer whose names I would invariably forget. But Rudolph always stood out, even more so in later years when my sister acquired an Alice-band with reindeer antlers and a shiny red nose that lit up every now and then, which she proudly donned on Christmas Eve. So many of us share that memory of waiting to see HIM with our own eyes, only to wake up in our own beds on Christmas morning, even though we could have sworn we stayed awake the entire night.



The disappointment of not catching a glimpse of the jovial red-suited character was quickly replaced by the excitement of gaily-wrapped gifts that begged for attention.

The main man was undoubtedly *Vader Krismis*—perhaps *Santa Claus* to you, *St. Nicholas* to others, or even *Papa Noël* for some. He epitomizes the magic of Christmas, and we all built our childhood fantasies around this larger-than-life figure. How some modern parents can deliberately withhold this wonderful magical experience from their children is quite beyond my understanding. I remember a few years ago when a family member tried to do just that to my son. They told him that *Vader Krismis* was only a “sthory” (with a lisp) and that Christmas was really about the birth of Christ. However, they underestimated the determination of one little boy who firmly believed in *Vader Krismis*. So resolute was he in his belief, that he insisted his parents address this “spreading of lies!” I am quite certain that Jesus would understand a parent's desire to defend the magic of Christmas rather than ruin it with a cold splash of reality. We need to keep that magic alive, not later wonder in bewilderment why it has disappeared when we are the ones who have extinguished the magical embers in the minds of our children.

My grandfather and I—his trusty sidekick—would, from my earliest remembrance every Christmas Eve, embark on the 40-kilometer drive to Pniel to collect a pine tree from Mr. Ambraal, who lived on a charming rustic smallholding just outside the town. Upon our arrival, my grandfather would be offered tea, which he would accept and swiftly drink by pouring it into his saucer to cool it down quickly, while I chased the dogs and tried to pick up the chickens. The return trip to Wellington was always challenging, with the towering pine tree strapped to the small trailer behind my grandfather's 1973 Volkswagen (type 4, model 412). We had to travel at a snail's pace, carefully navigating the winding roads to ensure the tree made it home intact.




Decorating the tree was an absolute delight. The tree ornaments and decorations, collected over the years were brought out from their hiding places—even the old, scruffy ones that had seen better days. My favourite was a little silver Schnauzer ornament, adorned with a red and gold ribbon around its neck. Tiny golden bells were tied to the ribbon, and hanging in the tree, made a delightful tinkling sound whenever it moved. Our tree might not have resembled the perfect examples that annually featured in *Sarie* or *Huisgenoot*, but it shone with red, gold, and green, complemented by small tufts of cotton wool, the best snow substitute we could muster in Wellington's summer heat.

The festive cheer extended beyond the tree, spilling over to the ceiling of the voorkamer, which was decorated with pendant ceiling garlands and other metallic foil cut-outs. These were popular in the 1970s and 1980s and came in various designs: sometimes resembling stars, bells, or even snowflakes. They were also sold in packs and could easily be folded for storage after the holidays. In addition, a long piece of cord nailed securely from one end of the room to the other, served as a display for the many Christmas cards received from all over the country. I am sure many of you remember having such a Christmas card display. Sadly, we don't send Christmas cards much anymore; this ritual having been replaced by Facebook posts and WhatsApp-generated images. Yet, the Christmas tree remains a significant part of the festive season, even if it has become increasingly commercialized.

Recently, I came across a tree adorned with large fabric flowers, likely straight from a shop similar to *Harrods*—a far cry from the simple tree we collected in Pniel in the 1970s. But a Christmas tree is a Christmas tree, no matter its style. In my own home, I proudly display a modest tree made from old wire, now a little bit bent and skew, purchased at a time when my husband and I had little money and turned over every cent twice before spending it.





In later years, my dear friend Liesl Erasmus showed me that even this humble tree could become a Christmas showstopper with just a few strings of tinsel. What makes it truly special is the collection of ornaments I have collected over the years, including some that I bought on a trip to Germany, porcelain angels purchased at a flee market, small, handmade white discs inscribed with our names and decorated with red ribbon, but above all, decorations that once graced my grandfather's tree many decades ago and taken with great reverence from the original box each year at Christmas time. This box together with a box of family photos, the bench that stood on his stoep, old documents, and a pair of dentures (!), comprise my inheritance from my grandfather. These treasures, quirky and sentimental, connect me to my family's history and make my tree a true reflection of Christmas past and present.

But what is a Christmas tree without a string of lights? The tradition of decorating Christmas trees with lights is often credited to Martin Luther, the 16th-century Protestant Reformation leader. According to legend, he was inspired by the twinkling stars in the night sky and tried to replicate their beauty by placing candles on the branches of his tree at home. Fast forward to 1880, when Thomas Edison showcased the first electric lights outside his laboratory, paving the way for a safer alternative to candles. Two years later, Edward Johnson, Edison's friend and business associate, took the concept further. He hand-wired 80 red, white, and blue bulbs to create the first string of electric Christmas lights, which he proudly displayed on his tree for passers-by to admire. These lights, powered by a generator, were a revolutionary but costly innovation—equivalent to a whopping R5400 today. While not affordable for most people at the time, they offered a much safer option than the traditional practice of using open flames on trees, which must surely have ended in disaster on many occasions!

In Graaff-Reinet, the *Acacia Street Lights Project* is a well-known festive tradition. Its beginnings date back to 1999, when the residents of Acacia Street held a simple street party to celebrate the new Millennium and started decorating their houses with festive lights. The initiative had evolved into the *Acacia Street Christmas Lights Project*, by 2007, inspired by Ruth Welman, a resident of Acacia Street, who started the project in honour of her late mother, who had passed away from cancer. Working alongside Clive Foster, another resident, Ruth helped turn the project into the beloved community event it has become. The lights are usually switched on every year on December 16th, after the frenzied activity of transforming their homes with colourful, Christmas-themed light displays. Visitors are treated to wonderful displays of Christmas lights, drawing thousands of people to this otherwise quiet street. Proceeds from sponsorships and donations were donated to the Graaff-Reinet and District Cancer Association, ensuring the project not only spread holiday joy but also supported a meaningful cause. Though Acacia Street may not be an obvious tourist attraction, every December it would become a huge attraction for festive revellers. The lights were turned off at midnight on New Year's Eve, marking the end of the seasonal celebration. Unfortunately, the onset of COVID-19 snuffed out this wonderful event, and while hope remains for its revival, challenges need to be overcome. Many of the founding members have since passed away, and it has become increasingly difficult to find dedicated individuals to carry this project forward as a truly meaningful tradition.

Today, Christmas lights symbolize the stars, particularly the Star of Bethlehem, which guided the wise men to Christ's birthplace. For Christians, these lights represent the "light of the world" and carry deep spiritual meaning, reminding believers of hope and salvation. In churches, the lighting of Advent candles marks the beginning of Advent, a season of preparation for Christ's birth.



Acacia Street Lights Project

The Advent wreath typically holds four candles, symbolizing hope, peace, joy, and love, with one lit each week leading up to Christmas. Candles and lights are central to Christmas celebrations worldwide. Symbolizing hope and faith, they foster unity and joy during the Christmas season.

I hope that this reflection on the Christmas traditions of Santa, the Christmas tree, and Christmas lights has shown that heritage is not static; it evolves, shaped by collective memory and the subtle influences of the past. This Christmas, let us celebrate not only the traditions we hold dear but also the ways in which they continue to shape and enrich our lives. There is still work to be done to keep our memories of past Christmases alive by creating new ones.

Sources:

https://synews.com/lifestyles/columns/ron_colone/christmas-lights-and-what-they-really-mean/article_748c3206-6c52-11e3-819d-001a4bcf887a.html

<https://www.countryliving.com/life/a45590/christmas-tree-origin/>


<https://www.graaffreinetadvertiser.com/News/Article/Local-News/Acacia-Street-Christmas-Lights-project>

DIE ONTSTAAN VAN GRAAFF-REINET SE EERSTE RESERVOIR

DEUR JOHANNES HAARHOFF

Die ruimtelike ontwikkeling van Graaff-Reinet se “Perdeskoen” was van die begin af ten nouste gekoppel aan die beskikbaarheid van water. Alhoewel die Sondagsrivier se water met die dorp se stigting in 1786 in oorvloed beskikbaar was, was dit nodig om die water vanaf die rivierbodem te lig sodat dit met watervore geleei kon word om die groentetuine, vrugteboorde en wingerde aan die gang te hou. Gevolglik was dit nodig om ’n damwal ’n hele ent stroomop van die dorp in die rivier te bou om die water genoegsaam op te dam sodat dit kon oorstoot na ’n voor langsaa. Hiervandaan het die voor teen die platste moontlike helling na die dorp geloop om daar op die oppervlak na die individuele erwe geleei te word met ’n substelsel van klein voortjies. Die stelsel was natuurlik nie perfek nie en ’n bakleiery oor watersake staan prominent in Graaff-Reinet se geskiedenis, waарoor daar reeds veel geskryf is. Hierdie artikel word egter beperk tot hoe die vorm en vooruitgang van die dorp ten nouste saamgeheng het met die uitbreiding van die waterstelsel, tot en met die voltooiing van die dorp se eerste drinkwaterreservoir in 1884.

Die vroegste kanaal wat op ’n kaart van 1814 aangedui word, was die Somersetkanaal wat begin het by ’n damwalletjie in die Sondagsrivier min of meer regoor die Scheepersmonument op die pad na Murraysburg (vandag natuurlik onder die water van die Nqwebadam). Hiervandaan het die kanaal saam met die Sondagsrivier geloop totdat dit by *Union High* weggedraai het om langs die huidige Somersetstraat na die ooste te loop, soos op Figuur 1 aangedui word. Die ongebruikte water het deur ’n meul naby die huidige motorlisensiekantoor geloop totdat dit met die Droëspruit teruggeloop het na die Sondagsrivier. Omdat die hele Perdeskoengebied effens afdraand na die suide loop, kon die kanaal slegs water aan die gebied suid van die Somersetkanaal voorsien. Die Somersetkanaal se roete is bepaal deur die mees noordelike geboue in Graaff-Reinet op daardie stadium, op die hoek van Somerset- en Kerkstrate.




Figuur 1
Uitbreiding van
Graaff-Reinet

Thompson se latere kaart van 1823 duï aan dat die watervoorsiening beduidend verbeter het sedert 1814. Die verbeterings is hoofsaaklik te danke aan Andries Stockenström wat in Mei 1815 op 22-jarige ouderdom as landdros van Graaff-Reinet aangestel is. Die energieke jong Stockenström het die dorp se gevangenes onder sy direkte toesig laat werk om die damwal en kanale te bou en te onderhou. Teen 1827 het die stelsel reeds sodanig gevorder dat erfeienaars gereelde leibeurte in verhouding tot die grootte van hul erwe gekry het. Die vernaamste verbeterings was die bou van twee nuwe toevoerkanale na die dorp.

Stockenström se eerste verbetering was die grawe van 'n nuwe Caledonkanaal. Hierdie kanaal het dieselfde roete as die Somersetkanaal gevolg, totdat dit van die Sondagsrivier weggedraai het om langs die huidige Caledonstraat te loop waarna die surpluswater soos tevore in die Droëspruit gestort is. Die Caledonkanaal kon toe ook water aan die hele gebied tussen Somerset- en Caledonstrate voorsien, soos getoon op Figuur 1.

Die groeiende sakekern van die dorp, noord van Caledonstraat, wat toe aan die ontwikkel was, kon egter nie deur die Caledonkanaal voorsien


word nie. Hierdie gebied was te hoog om deur die ou damwal en kanaal uit die Sondagsrivier gevoer te word. Stockenström se tweede groot verbetering was om 'n tweede damwal op 'n hoërvlak as die eerste te bou (waarskynlik in die Broederstroom) en die water met 'n tweede kanaal deur die Sondagsrivierpoort na die dorp te bring. So het die Rothmankanaal ontstaan wat 'n groot bykomende gebied vir ontwikkeling bygevoeg het, sien Figuur 1. Die Rothmankanaal het Rothmanstraat gevolg vanaf die aansluiting met Cradockstraat tot by die agterkant van die Stadsaal en verder oos met Noordstraat. Figuur 2 wys hoe skerp die dorp se ontwikkelingsgrens deur die Rothmankanaal bepaal is terwyl Figuur 5 die kanaal self aantoon. [1]



FIGUUR 2: GRAAFF-REINET CIRCA 1875

Graaff-Reinet van 1823 het dus twee watertoevoere gehad – die Caledonkanaal of “lae” kanaal wat hoofsaaklik die tuinry van die Afrikanergemeenskap aan die westekant van die dorp voorsien het; asook die Rothmankanaal of “hoë” kanaal wat die oorwegend Engelse sakegemeenskap aan die oostekant bedien het. Beide kanale het egter dieselfde swakheid gehad, naamlik dat die primitiewe damwalletjies en vore gereeld tydens vloede weggespoel het waartydens die dorp van 'n paar “branddamme” afhanglik was – periodes van so lank as 14 dae van uiterste ongerief en onaanvaarbare waterkwaliteit.

[1] Die name van die Somerset-, Caledon- en Rothmankanale is duidelikheidshalwe ontleen aan die name van die huidige strate waارlang hulle geloop het. Vroeër literatuur het gesprek van die “lower” en “upper” kanale. Op die kaart van Thompson word die Rothmankanaal as “Stockenström's Canal” aangedui.



FIGUUR 5: GRAAFF-REINET CIRCA 1910

'n Oplossing vir die kwaliteitsprobleem is reeds in 1865 deur die stadsklerk WL Mackie gedemonstreer toe hy 'n put langs die Sondagsriver gegrawe het wat selfs gedurende vloede helder water gelewer het omdat die growwe riviergruis en -sand die modderigheid gefiltreer het. Om die wegspoel van die kanaal in die Sondagsrivierpoort tydens vloede te verhoed, is voorgestel dat 'n kombinasie van pype en 'n stewig geboude baksteenkanaal direk teen die krans gebou moes word wat nie deur vloedwater weggespoel kon word nie. Die kanaal moes eindig in 'n tenk waaruit die water na die Caledon- en Rothmankanale in die regte verhouding verdeel kon word. Variasies op hierdie plan is vir 15 jaar aan verskillende ondersoeke onderwerp en deur die Graaff-Reinetters gedebatteer. Dit was veral die Caledonkanaal se waterverbruikers wat heftig teengeskop het. Hulle het nie die regverdigte verdeling van water tussen die "upper and lower furrows" vertrou nie, en ook die duur projek gesien as een waaruit die sakegemeenskap die grootste voordeel sou trek.

Na vele stampe en stote is die waterprojek (vandag bekend as "Mackie's Pit") nietemin goedgekeur en die ingenieur Humphrey Henchman is spesiaal vir die taak in Mei 1880 aangestel. Nadat die werk begin het, het die weerstand teen die projek skynbaar effens verkrummel met die *Graaff-Reinet Herald* wat met ooglopende vooroordeel gejubel het:


[The project's] complete success so far, has taken away the last subterfuge for argument from the resolute bank of illogical opponents who hitherto have held their ground with persistent obstinacy worthy of a better cause. However, they are giving in one after another, and no one bears them a grudge.

Henchman self het 'n positiewe indruk op die municipale raad gemaak, soos berig deur die *Graaff-Reinet Herald*:


I am happy to say that the present holder of this highly important office possesses both ability and energy, as well as courtesy, in the discharge of his very onerous duties; and the Council cannot but appreciate this gentleman's efficient services.

Die munisipaliteit het intussen ook besef dat dit finansieel voordelig sou wees as die gebied noord van Rothmanstraat as gesogte residensiële erwe ontwikkel en verkoop kon word. Dit het natuurlik beteken dat die bouprojek met 'n pompstasie en reservoir uitgebrei sou moes word om water by hierdie hoëliggende erwe te kry. Hierdie byvoeging word in rooi op Figuur 1 aangedui. Die nuwe stelsel is in Februarie 1884 voltooi. Maar die weerstand van die projek se teenstanders het opnuut opgevlam toe 'n groep erfbewoners Henchman heelhuids in die verdeeltenk gedompel het toe hy die eerste keer die water oopgedraai het – 'n verhaal wat ook reeds goed gedokumenteer is. Nadat 'n hof skadevergoeding van meer as sy jaarlikse salaris aan 'n ontnugterde Henchman toegeken het, het hy Graaff-Reinet kort daarna permanent verlaat.

Figuur 3 wys die reservoir terwyl dit onder konstruksie was en Figuur 4 toon die reservoir kort na voltooiing. Figuur 5 volg ongeveer 20 jaar na Figuur 4 en wys hoe daar toe reeds 'n hele paar van die groot statige huise rondom die reservoir in Rothman- en Queenstrate gebou is, soos oorspronklik in die vooruitsig gestel is.



FIGUUR 3: GRAAFF-REINET 1883



FIGUUR 4: GRAAFF-REINET 1890

Die reservoir is vir baie jare reeds nie meer in gebruik nie. Dit is waarskynlik ontkoppel toe 'n nuwe watersuiweringsaanleg en dorpsreservoir in ongeveer 1970 op die kop langs die huidige toerismekollege gebou is. Die reservoir-erf het in privaatbesit beland en word tans verdwerg deur wooneenhede wat langs en bo-op die reservoir gebou is. Die reservoir se voetspoor is 14 meter by 14 meter met 'n diepte van bietjie minder as 2 meter. Dit kom neer op 'n inhoudsmaat van ongeveer 380 kubieke meter (oftewel 100 000 gelling in destydse eenhede).

Daar is 20 kolomme binne die reservoir wat vier parallelle drabalké ondersteun. Die dak, in die vorm van gewelfde boë, is met baksteen gebou. Die fyn detail by die onderpunt van elke kolom is merkwaardig as in ag geneem word dat hierdie detail nooit onder water in die donker enigsins sigbaar kon wees nie. Die betongehalte en afwerking is, na 150 jaar, nog steeds in 'n uitstekende toestand. Figure 6 tot 9 wys bykomende strukturele detail en hoe die reservoir vandag daar uitsien.




FIGUUR 6: RESERVOIR STRUKTUURELEMENTE



FIGUUR 7: REKENAARVOORSTELLING VAN RESERVOIR



**FIGUUR 8: DETAIL VAN KOLOMME
MET DAKBALKE**



FIGUUR 9: HUIDIGE RESERVOIR

Sover bekend, is daar op hierdie stadium geen bewaringstatus aan hierdie merkwaardige struktuur uit Graaff-Reinet se geskiedenis toegeken nie.

Erkennings:

Graaff-Reinet Herald (1882 tot 1884) vir aanhalings.

Graaff-Reinet Museum (2024) vir foto's uit haar digitale foto-argief.

Haarhoff, Johann (2024) vir rekenaargrafika.

Minnaar, Anthony (1986) Graaff-Reinet's Water Problems. Contree Volume 22.

Whitlock, Peter (2024) vir afdruk van 1814-kaart van Graaff-Reinet.

Wiggill, Andy (2024) vir toestemming om terrein te besoek ter wille van foto's en opmetings.

Smith, Kenneth Wyndham (1974) From Frontier to Midlands – A History of the Graaff-Reinet District 1786-1910. Verhandeling ingedien by Rhodes Universiteit.

THE GIFT SHOP @ REINET HOUSE

- BRANDED SHOPPING AND TOTE BAGS
- THE REINET HOUSE BEAUTY RANGE



- CERAMICS
- MUSEUM PUBLICATIONS
- HERITAGE RUSKS
- WITHOND
- GLASSWARE
- CHEESE BOARDS

The ideal place to buy a uniquely
Graaff-Reinet gift!

Die Houtkanon van Graaff-Reinet

* Met spesiale vergunning van die outeur, Daniel Jacobs *

In 2012 lewer Daniel Jacobs 'n praatjie by die kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis oor een van die "vreemdste en mees komiese verhale in die Suid-Afrikaanse en meer spesifiek die Afrikaner se geskiedenis". Hy vertel dat baie mense die storie oor die houtkanon wat in Graaff-Reinet gedurende die van Jaarsveldopstande as aprokrief (nie geloofwaardig, onaanneemlik) beskou omdat die meeste mense maar aanvaar het dat dit 'n grap is. Dus het die verhaal nie huis ernstige aandag (dalk veral onder historici) geniet nie. Baie van die bronne wat Jacobs geraadpleeg het- ook bronne wat ondubbelzinnig daarna verwys dat 'n kanon wel gemaak is, fokus op die komiese sy van die hele verhaal.

Jacobs se praatjie dek verskeie aspekte van hierdie gebeurtenis in die geskiedenis van Graaff-Reinet en beslaan ongeveer 25 bladsye. Daarom sal dit in twee dele in hierdie nuusbrief en die daaropvolgende een gepublisseer word. Hier volg deel 1 :

Geagte Voorsitter, vriende. Dankie vir die geleentheid om vandag met U te kan gesels oor waarskynlik een van die vreemdste en mees komiese verhale in die Suid-Afrikaanse en meer spesifiek die Afrikaner se geskiedenis. Toe daar die eerste keer aan my vertel is dat die Graaff-Reinet Boere tydens die Van Jaarsveld Opstand van 1799 'n houtkanon gemaak het, was my reaksie soortgelyk as diegene aan wie Oud-President F.W. Reitz die storie reeds in die 1800's vertel het. Reitz word in Die Huisgenoot van Junie 1918 as volg aangehaal: "Vir jare lank het ek probeer om bevestiging van die verhaal te krij, maar sonder sukses; en vrinde aan wie ek daardie storie vertel het, was blykbaar onder die indruk dat dit maar somaar 'n uit-die-lug-geskepte apokriefie moet wees." [1]

Die Afrikaanse Woordeboek (WAT) gee die volgende definisies van die woord apokrief: "b.n. 1 (Byb) Waarvan die oueriteit, oorsprong verborge, onseker is; nie as eg of gesaghebbend erken nie [en daarom aan die algemene gebruik onttrek]: Die apokriewe boeke -in teenstelling met kanoniek; vgl. APOKRIEWE 2. Onseker, verdag, onaanneemlik, ongeloofwaardig; 'n Apokriewe Skeppingsverhaal. Die storie vind ek baie apokrief, nie sonder meer geloofwaardig nie. 'n Apokriewe bewering." [2]

[1] F.W.Reitz (Bron: J.J. Oberholster e.a. Gedenkalbum van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1954).

[2] P.C. Schoonees (Hoofredakteur): Die Afrikaanse Woordeboek, Deel 1, bl. 234

Waarskynlik een van die belangrikste redes waarom die verhaal nog nie ernstige aandag gekry het nie, is omdat die meeste mense wat daarvan gehoor het, aanvaar het dat dit waarskynlik maar 'n grap is. Dit ten spyte van die feit dat mens tog by die lees van die bekendste weergawes van die verhaal vermoed dat daar heel moontlik waarheid in kan steek. Een tema wat dan ook soos 'n goue draad deur feitlik al die bronne - ook bronne wat ondubbelzinnig bewys dat 'n houtkanon wel gemaak is - loop is die komiese van die hele incident. U sal die komiese aanslag op die verhaal - en hoe kan dit anders - raaksien in feitlik al die bronne wat ek hierna gaan bespreek.

Hiermee vir eers enkele voorbeeld: Die 1820 Setlaar Philipps verwys reeds in 1823 in 'n dagboekinskrywing na Barend de Klerk wat een van die kanonmakers was as hy sê "... when he is in Spirits he often talks of their plans and adds with a laugh that he is not quite certain that artillery cannot be made in that way." [3] In 1918 sê Rompel-Koopman die volgende oor 'n afstammeling van Gert Vosloo - nog een van die kanonmakers - wat die storie in 1917 aan huis van Mev. Fick van Alexandria aan hulle vertel het: " Wel, lachte de bezoekerster, toe vat hulle 'n handvol geweerkoels, hul denk dit sal voldoende wees en skiet af... Die kanon spat uit mekaar met 'n vreselike knal, dat dit so kraak oor die berge." En dan Mev Fick se reaksie: "Mevr. Fick's zachte mond plooide rond, de putjes in de wangen verdiepten zich, alles lachte, lachte om de tekenende vertelling." [4] Ek kan ook nou nog in my geestesoog sien hoe een van Gert Vosloo se nasate - 'n mediese dokter - in 2003 tydens die bekendstelling van my boek oor die Vosloos onbedaarlik, maar tog beheersd aan die skud-lag gegaan het toe ek na hierdie beroemde voorvader van hom verwys het. Die komiese van die verhaal is waarskynlik een van die belangrikste redes waarom niemand in die verlede nog gepoog het om 'n ernstige weergawe van die verhaal - wat moontlik in ca 1811 afgespeel het, te skryf nie. Wie wil die risiko loop om sy akademiese geloofwaardigheid met so 'n storie op die spel te plaas?! Maar ek weet dat selfs by die lees van hierdie ernstige weergawe sal daar nog baie geglimlag word. Hierdie voordrag van my is dan ook waarskynlik die eerste poging waarin ondubbelzinnig, na ontleding van al die bekende bronne - en veral ook twee minder bekende bronne - oor die saak, tot die gevolg trekking gekom word dat die Graaff-Reinet Boere sonder enige twyfel 'n houtkanon gebou het. Dit ten spyte van die feit dat mens met die vertel van die storie baie die woorde soos "na bewering, te betwyfel, hoogsonwaarskynlik, waarskynlik en moontlik" gebruik.

[3] A. Keppel-Jones: Philipps, 1820 Settler, ble. 197-198.

[4] L. Koopman: In het Land van Piet Retief, ble. 19-20

Maar hier moet ek nou erken dat ek effens verleë voor U staan. Alhoewel ek sonder enige twyfel kan bewys dat 'n kanon van hout gemaak is, het ek op 'n baie laat stadium met verdere navorsing vasgestel dat dit nie tydens die Van Jaarsveld Opstand kon gewees het nie, maar dat die kanon iewers tussen die Van Jaarsveld in 1799 en die Slagtersnek Opstand van 1816 gebou moes gewees het, met soos reeds genoem ca 1811 'n moontlike datum. As ek binnekort aan U gaan verduidelik waarom my onderwerp dus nou moet lees Houtkanon gemaak deur Graaff-Reinet Boere in die vroeë 1800's en nie meer Houtkanon gemaak deur die opstandelinge tydens die Van Jaarsveld-opstand in 1799 soos wat dit op die program verskyn nie, sal U sien dat daar versagtende omstandighede is vir die feit dat ek nie vroeër reeds besef het dat die kanon nie tydens die Van Jaarsveld Opstand gemaak kon gewees het nie. Die nuwe inligting help ook om sekere vrae m.b.t. die plaas van die incident tydens die Van Jaarsveld Opstand op te klaar. Alhoewel 'n in diepte bestudering van al die bronne wat vroeër bekend was 'n mens tot die gevolg trekking laat kom het dat die incident tydens die Van Jaarsveld opstand moes plaasgevind het, was daar naamlik aspekte wat moeilik versoen kon word met dit wat bekend is oor die opstand.



Skets deur die spotprenttekenaar Mynderd Vosloo (Bron: D.M. Jacobs: Die Vosloos, Nuttige Lansburgers, Deel 1, Die Familiegeskiedenis-hul wel en wee, Kaapstad, 2003)

Daar is verskeie weergawes van die verhaal. Onder andere twee gepubliseerde verhale wat sonder enige twyfel bewys dat 'n hout kanon wel gebou is. Eerstens is daar die verhaal van F.W. Reitz wat in 1874 in The Cape Monthly Magazine verskyn het. Die verhaal is daarna met addisionele inligting weer in Die Huisgenoot van Julie 1918 gepubliseer. Laasgenoemde artikel is ookwoordeliks in Die Huisgenoot van 28 November 1941 geherpubliseer. Die vertelling van F.W. Reitz is die bekendste vertelling en is die bron van die meeste ander gepubliseerde weergawes van die verhaal asook van die meeste mondeline oorlewering. Die tweede belangrike bron is 'n dagboekinskrywing van die 1820 Setlaar leier Thomas Philipps. Sy dagboek is in 1960 gepubliseer deur Arthur Keppel-Jones in 'n boek met die titel Philipps, 1820 Settler. Dit is die belangrikste bron wat alle twyfel uit die weg ruim dat die kanon gemaak is. Hierdie bron is egter baie onbekend en waarskynlik die belangrikste rede waarom hierdie poging van my waarskynlik die eerste ernstige poging is om die verhaal op skrif te kry. Sonder die inligting in hierdie bron sou ek nie die selfvertroue gehad het om die vreemde verhaal op 'n forum soos hierdie aan te bied nie. Daar is ook ander relatief belangrike gepubliseerde inligting oor die incident wat bespreek sal word. O.a. inligting wat gepubliseer is in die tyd van die Simboliese Ossewatrek. Dan is daar ook mondeline oorlewering wat nie voorkom in enige van die twee belangrikste bronne waarna ek hierbo verwys het nie. Oorlewering wat moontlik die waarheid of elemente van die waarheid kan bevat. Aangesien dit egter nie getoets kan word teen enige van die belangrikste bronne nie, kan ons nie enige vaste afleidings maak m.b.t. die waarheid daarvan al dan nie. Daar is ook mondeline oorlewering wat aan my oorgedra is wat sonder enige twyfel die lang sterte is wat mondeline oorlewering dikwels oor die jare by kry. Ek gaan ter inleiding die belangrikste bronne se teks volledig gee en dan aanvanklik waar nodig net sekere opmerkings ter opheldering maak m.b.t. die inligting. As al die verskillende bronne se inligting gegee is, sal ek dan poog om 'n evaluasie te doen wat ons as die waarheid en moontlike waarheid kan aanvaar.

TONG-IN-DIE KIES WEERGawe VAN DIE VERHAAL:

Een van die vele tong-in-die kies weergawes wat oor tyd gepubliseer is het in die rubriek Van Alle Kante, in Die Burger van 1 Januarie 1973 verskyn. Hiermee 'n uittreksel uit die berig: "Suid-Afrika se eerste kanon is nie deur Krygkor gemaak soos Min. PW Botha onlangs bekend gemaak het nie, laat weet ds. Willem du Toit van Graaff-Reinet. Die burgers van die ou Republiek van Graaff-Reinet het die land se eerste kanon gemaak. Ook nie somaar van alledaagse staal nie, maar uit stinkhout. Ongelukkig is die kanon nie in die dorp se museum te vinde nie, want dit het spoorloos verdwyn."

Ds. Du Toit vertel dat die jong republiek besef het hy moet 'n kanon hê om hom te verdedig. Yster was nie te vinde nie, want die republiek had geen hawe om dit in te voer nie. Die naasbeste was toe maar die hardste inheemse materiaal, stinkhout. 'n Reguit stomp is met beitels en bore uitgehol, met verkorte wabande versterk en op 'n wa-as en wiele gemonteer. Agter is 'n gaanjie geboor vir die lont. Die eerste skoot sou gevuur word op 'n groot spekboom teen 'n groot swart rots. Die kanon is opgestel, met 'n goeie lading buskruit gestop, toe 'n klompie stoplappe en toe stukke yster, spykers ens. Die man wat gekies is om die lont aan die brand te steek, was Koos Venter. Dié het blykbaar nie veel vertroue in die houtloop gehad nie, want hy het in 'n loopgraaf gaan lê en met 'n lang bamboesossweep die lont aan die brand gesteek. "Daar was 'n slag soos die dorp nog nooit gehoor het nie, en die bobbejane het op Spandaukop so op loop gesit dat hulle dae later eers weer opgemerk is. Die spekboom was nog daar, maar die kanon was skoonveld. Seker dié dat ons nou weer vir die eerste keer ons eie kanonne maak." (Bron: A. Rossouw: Van Alle Kante, Die eerste kanon. Die Burger, 1 Januarie 1973)

BRONNE WAT VERWYS NA DIE MAAK VAN 'N HOUTKANON

Die eerste gepubliseerde weergawe van die verhaal was die van F.W. Reitz wat reeds in 1874 in The Cape Monthly Magazine verskyn het in 'n afdeling wat Boer Stories genoem is. Die titel van die storie was How the Boers made a Cannon. Hiermee 'n volledige transkribsie van die artikel: "When Breslaar was landdrost of Graaff-Reinet he was very unpopular amongst the people of the district. Upon one occasion , when a large body of farmers had come into the village for the purpose of obtaining a redress of grievances, they showed so much animosity towards him that he deemed it necessary to send a message to the barracks where a company of Light Dragoons was stationed under Captain Vandeleur, begging the officer to come to his assistance without delay. Vandeleur who was not anxious to get mixed up in any civil broil, ordered out the cannon, and fired a round of blank cartridge over the heads of the rebels, which demonstration so scared them that they made off as fast as their horses could carry them, nor did they draw rein until they were five or six miles well away from the Dorp.

A consultation was then held, and the conclusion they came to that it was all very well fighting the "Red-jackets "with rifles, and such like respectable weapons, but when it came to cannons the match-lock (Baviaans-bout) was out of the race. It was unanimously resolved that, before they could hope to have any chance against Breslaar and the big gun, it was absolutely necessary to make a cannon of their own. A committee was, therefore, appointed to manufacture the required artillery, and a day fixed for them to bring up their report. The committee consisted of ingenious and energetic men, who commenced operations at once by procuring a good-sized stinkwood log,

which they allowed out, and then secured it by twisting tightly round it the tires of condemned wagon-wheels. A touch-hole was bored, and lo! the field-battery was ready.

Upon the appointed day the Boers collected from all quarters and in large numbers, for rumours had been flying that the cannon committee had turned off a real masterpiece, and hope rose high in every breast that Breslaar would now be forced to come to terms in spite of Vandeleur, his Light Dragoons, and his heavy gun. Nor were those who came disappointed at the sight that met their longing eyes, for there, mounted on the hind-wheels of a wagon by way of gun carriage, stood the cannon. Everything looked promising, and it now only remained to fire off the weapon. But here arose an unexpected difficulty. Who was to fire the proof shot? Each looked inquiringly into his neighbour's face, and shook his head as much as to say, "Not if I know it." At last the matter was resolved by lot, and the honour fell upon Cobus Venter, Senior. A man of considerable resource, and some amount of pluck, who was nevertheless strongly of opinion that the committee should not have left the most important part of their work to be performed by an outsider. However, as the thing had to be done, he got a sort of rifle-pit dug, about forty yards away from the gun. Next, he attached the longest waggon-whip to the tallest bamboo to be found, and having first tied the fuse to the voorslag, or extremity of the whip, he fixed it to the cannon in such a way that by pulling the handle of the whip-stick the powder on the touchhole would ignite. These preliminaries having been arranged to his satisfaction, Venter got into the hole, and warned the spectators to "clear out", a hint they were not slow in taking. Cobus then gave a spasmodic tug at the whip, which was immediately followed by a most tremendous crash. After waiting for two or three minutes, he cautiously put his head out of the hole to see how the artillery was looking, but in vain did he stretch his neck; not a vestige of the gun was to be seen; wagon-wheels, stinkwood-log, and all had been blown into space, and when the other Boers came up to the spot they found nothing but old Cobus holding the whipstick at arm's length, and staring at the fuse in blank amazement. Thus was Breslaar saved; and when Captain Hope, of the Royal Artillery, subsequently heard of it, he was so highly pleased with the conduct of the amateur artilleryman that he sent him a present of ten pounds of gunpowder, bearing the address "From Captain Hope, of her Majesty's Artillery, to Bombadier Cobus Venter." [5]

[5] F.W. Reitz: Boer Stories, How the Boers made a Cannon (The Cape Monthly Magazine, 1874).

In 'n artikel van F.W. Reitz wat in Die Huisgenoot van Julie 1918 gepubliseer is sê hy dat die storie deur Jacobus le Sueur aan hom vertel is. Hy het op 'n stadium regoor Le Sueur in Hatfield Straat (hy noem ook dat die straat vroeër bekend was as St. Jansstraat), Kaapstad gewoon en "het die ou man somtjds saands gaan opsoek." Reitz het vanaf Januarie 1868 tot die einde van 1870 in Kaapstad gebly waar hy as advokaat gepraktiseer het.[6] Hy noem dat Le Sueur tydens die voorval die magistraatsklerk in Graaff-Reinet was. Reitz sê dan verder: "Ek het altijd geglo dat daardie storie (al lijk dit meer na 'n grap) moet waar wees, omdat die heer Le Sueur mij verseker het dat hij, as magistraatsklerk, self daardie tien pond buskruit ontvang het, en aan die "Bombardier" deurgestuur het."

Die belangrikste bron oor die verhaal is 'n dagboek wat die 1820 Setlaar leier Thomas Philipps gehou het en wat gepubliseer is in Arthur Keppel-Jones se boek, Philipps, 1820 Settler, Pietermaritzburg, 1960. Die rede waarom dit die belangrikste bron is, is omdat dit die naaste aan die gebeurtenis opgeteken is en dat dit aan Philipps vertel is deur een van die kanonmakers. Die dagboekinskrywing wat op 9 Julie 1823 gemaak is verwys o.a. na 'n besoek wat hy gebring het aan Heemraad Barend Jacobus de Klerk, wat die broer was van Theunis de Klerk wat by Slagtersnek gehang is. Dit lees as volg: "He is a very fine looking independent fellow, and was one of the Leaders of the Rebels as they were called about 10 years ago. They resolved to put the Government at defiance in consequence of some wrongs. The military were not numerous up there, but those that were had artillery. The Rebels consulted, and determined to have some also. They scooped out a tough tree, De Clerk being a good Smith put on some iron hoop, and when he is in Spirits he often talks of their plans and adds with a laugh that he is not quite certain that artillery cannot be made in that way. The Cannon being completed they began to load it, they had heard of 4 pounders etc. etc, but they resolved to call theirs 9 pounders, and that of course it must have 9 pounds of powder. When loaded, they were all afraid to fire it. At last they hit on the following plan - a hole was dug deep enough for a Man to get into, to this place a train was laid to the Cannon and off it went and of course into a thousand pieces. Before they had time to complete another, they were surprised, several were taken and some hanged, De Clerk's brother for one, and he narrowly escaped, but he has since been a good subject, and he shewed me with pleasure a double barrelled gun which the Governor gave him." [7]

[6] F.W. Reitz – Outobiografie. Toegelig deur prof. J.C. Moll met sy Twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte. Ingelei deur dr. C.J.S.C. Burger, ble. 18-20.

[7] A. Keppel-Jones: Philipps, 1820 Settler, ble. 197-198.[

Hierdie inligting was en is nog steeds hoogswaarskynlik onbekend by feitlik alle historici – akademies en leke - en ek vermoed dat dit die hoofrede is waarom niemand nog 'n ernstige poging aangewend het, om te bewys dat die kern van hierdie vreemde verhaal wel die waarheid is en nie 'n "uit-dielug-geskepte apokriefie" of grap nie. Nog 'n weergawe van Philipps se dagboekinskrywing is reeds in 1828 deur sy suster in Engeland gepubliseer onder die titel *Scenes and Occurrences in Albany and Caffer-Land, South Africa*. Hierdie bron werp egter nie nuwe lig op die saak nie. Inteendeel daar is veranderings aan die oorspronklike teks aangebring. Die bestaan van die bron is gevoldglik net van kultuurhistoriese belang omdat dit so relatief kort na die incident gepubliseer is. Volledigheidshalwe hiermee ook 'n transkripsie van die inligting: "De Klerck is a very fine looking independent fellow, and was one of the leaders of the revolt against the English after their first arrival. The military had artillery, and the boors determined they would have some also. They got a tough tree, scooped it out, and bound it with iron hoops. The cannon completed they began to load it. They had heard of four pounders etc but resolved to call theirs nine pounders-and that it must of course be loaded with nine pounds of powder! When loaded they were all afraid to fire it; - at last they hit on the following expedient.-A hole was dug deep enough for a man to get into; to this place a train was laid to the cannon, and of it went, - and into ten thousand pieces. Before they had time to complete another, they were surprised and taken. De Klerck has since been a good subject, and he shows with great pleasure a double barreled gun which the governor gave him." [8]

Nog 'n belangrike bron wat waarskynlik nie vroeër baie bekend was nie is die Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika: Eeufees, 1838-1939, waarvan Dirk Mostert die outeur was. Die volgende inligting verskyn in die boek: "Dis waarskynlik tydens die opstand (nota: in die voorafgaande gedeelte word die Van Jaarsveld Opstand bespreek) dat, soos hierlangs algemeen beweer word, Gert Vosloo 'n houtkanon gemaak het. Volgens oorlewering is die bande, waarmee die kanon beslaan was, deur Barend de Klerk gemaak op 'n aambeeld wat aan die leier van hierdie Ossewatrek geskenk sal word vir bewaring in 'n museum. Na vertel word, is die kanon na Graaff-Reinet vervoer en op Spandouskop opgestel met die doel om Graaff-Reinet plat te skiet. Met die eerste skoot het hy egter gebars." [9]

Verder: "Uit hierdie tydperk dagteken die bekende verhaal van die beroemde houtkanon, wat, eienhandig gemaak, die nuwe republiek teen alle aanvallers en gewelddoeners sou beskerm. Maar, helaas, dit het geblyk dat die hout nie

[8] *Scenes and Occurrences in Albany and Caffer-Land, South Africa*, page 114.

[9] D. Mostert: *Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika: Eeufees, 1838-1939*, bl. 103.

teen die drukking van kruit en lood bestand was nie, en met die eerste skoot het die kanon aan flenters gespat. Met daardie skoot is - ek se weer, helaas! - die hoop op die voortbestaan van een van die eerste republieke in Suid-Afrika in die kiem gesmoor; en hoe dikwels is dieselfde hoop nie weer hier verydel nie!"[1]

Dan ook: "Na hierdie toespraak het kommandant Danie Scheepers, 'n oudstryder op wie se hoof daar tydens die Vryheidsoorlog 'n prys van £500 gerus het, 'n geskiedkundige ou aambeeld aan die Trek oorhandig. Meer as 100 jaar gelede het hy reeds geklink toe Gert Vosloo en Berend de Klerk in die tydperk van die Van Jaarsveld-opstand die bande van die beroemde houtkanon op hom geslaan het. Dit is geskenk deur mnr. Dawid de Klerk, regstreekse afstammeling van die ou De Klerk.[2] Die inligting wat hier van groot belang is, is uiteraard die verwysing na Barend de Klerk se aambeeld. Die belang van die inligting m.b.t. die aambeeld wat aan die leier van die Somerset-Oos Wa geskenk is vir bewaring in 'n Museum is dat dit 'n baie geloofwaardige bevestiging is van Philipps se dagboek-inskrywing dat Barend de Klerk as Smit betrokke was by die houtkanonmakery. Etta Judson, bestuurder van Museumdienste by die Voortrekkermonument noem dat van die voorwerpe wat tydens die Simboliese Ossewatrek geskenk is, opgeneem is in die versameling van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria. Die Voortrekkermonument het hierdie aambeeld op bruikleen van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Ek kon egter nog nie met haar bevestig of die aambeeld wel tydens die Simboliese Ossewatrek geskenk is nie. Ek aanvaar dat dit so is, anders sou sy onwaarskynlik vir my die foto gestuur het. Hierdie punt en die moontlike datering van die aambeeld sal nog verder opgevolg word.



Meegaande aambeeld wat in die Museum by die Voortrekkermonument is, is 'n aambeeld wat moontlik die betrokke aambeeld kan wees.

[10] D. Mostert.: Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika: Eeu fees, 1838-1939, ble. 258.

[11] D. Mostert: Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika: Eeu fees, 1838-1939, ble. 519-520.

Van die belangrikste ander bronne is die volgende: Reitz noem in die artikel wat in Die Huisgenoot van Julie 1918 verskyn het van 'n brief wat in November 1917 in Die Burger verskyn het met opskrif Mijn Kransje op het Graf van onse ou Jannie. Onderaan die berig verskyn die volgende: "Hy werd geboren uit so een patriot als 'Ou Gert Houtkanon' en was 'n waardige telg van een waardige voorvader."

Dit is die sterfberig van Johan Christiaan Vosloo (1868-1917). Gerrit Vosloo, wat ook bekend gestaan het as Sterk Gert, is in 1768 gebore en op 21 April 1860 op die ouderdom van 92 jaar 2 maande en 28 dae op die familieplaas, Oukraal, in die distrik Somerset-Oos oorlede. Volgens een van sy nasate, Jan Ernst (1938), wat vandag nog sy perdepramkierie het, moes hy, as 'n mens na die lengte van die kierie kyk, langer as 6'6" (kort duskant die 2m) gewees het. Volgens een van sy nasate, Dr JC Vosloo van Somerset-Oos, besit Paul Erasmus van Somerset-Oos "die twee man groot langbroek van Gert Houtkanon!" Geen wonder dat van sy nasate onder name soos "Big Hans" (Johannes Lodewyk - 1878) en "Sterk Jan Vosloo" (Jan Hendrik - 1859) bekend gestaan het nie.

John William (1953), oor sy oupa, Big Hans: "Daar word vertel dat hy op 'n dag besig was om 'n perd te beslaan en die perd wou nie stilstaan nie. Hy vererg hom toe en slaan die perd met een vuishou plat." 'n Voormalige Springbok-rugbykaptein en voorry, Hannes Marais, tel ook onder sy nasate. Reitz noem dat hy vir jare lank probeer het "om bevestiging van die verhaal te krij, maar sonder sukses." Na die lees van die sterfberig van "Onse ou Jannie" dink hy: "Nou's ek op die spoor van daardie gebarste houtkanon!" Hy maak toe kontak met die skrywer van die berig en ontvang op 12 Januarie 1918 die volgende skrywe: "WelEd. Heer Als schrijver in De Burger van het stukje 'Mijn kransje op het Oraf van onze Ou Jannie' is uw brief my ter hand gesteld. Ik haast mij om u te antwoorden. Het verhaal zoals door u verteld is korrekt, en ou Gert Vosloo, grootje van de overledene, Jan Vosloo schoolraadsekretaris van Somerset-Oost, was de maker van het kanon. Hij maakte het kanon van hout (van daar 'Ou Gert Houtkanon'), trok daar banden van ijzer om, en stelde het op het kopje ten noordoosten van Graaff-Reinet. Daar was natuurlik toen een klomp boeren bijeen. Bah! ging het eerste schot, maar ver te kort. Daarop was daar een verrader (een uitlander) (naam onbekend), en die ried toen aan om vijf pond kruit tegelyk te laden. ít was te veel. Bah! Viel het tweede schot; maar helaas, het kanon was in splinters. Daarop werd 'Ou Gert Houtkanon' in hechtenis genomen, en in blokken gezet. Hij heeft die storie dikwels aan zijn kinders verteld, hoedat toen hij daar in blokken lag, daar een Hottentot-jong bij hem voorbij kwam en tegen hem zeide: 'So ou Gert Vosloo, dan lê jij nou hier.' En toe hij uitkwam ontmoette hij weer diezelfde jong, en maakte korte metten met hem alleen op het veld.

'En ik nam mijn pijp en tabakzak in die ene hand, en sloeg hem met die andere' (zijn eigen woorden). Zijn eigen kinderen zijn al lang dood, en wat wij weten, is maar bij overlevering; maar het bovenstaande is korrekt." Dan voeg Reitz by dat "hij verwijs mij ook na ander mense in Somerset-Oos die mij-volgens sij mening-nog beter sou kan dien met informasie oor daardie incident."

Nog 'n bron is L. Rompel-Koopman se boek In het land van Piet Retief wat in 1919 deur De Volkstem, Pretoria gepubliseer is. Die boek handel oor die herinneringe van Johanna Cornelia Fick (gebore Landman) wat 'n dogter was van Willem Landman, broer van die bekende Voortrekkerleier, Karel Landman. Die skryfster het in 1917 onderhoude met haar gevoer oor o.a. haar herinneringe aan die Groot Trek wat sy as jong kind meegebaar het.

Johannes Arnoldus Vosloo (1799-1865). Hy was die vyfde oudste kind van Gerrit Vosloo (1768-1860) (Bron: D.M. Jacobs: Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 1, Die Familiegeskiedenis-hul wel en wee, ble. 129) Tydens een van die gesprekke het 'n besoekster van Alexandria haar by hulle gevoeg en "Zo onder de koffie, terwyl mevr. Fick wat uitrustte, vertelde zij: 'Die twee Botma's wat bij Slagtersnek gehang is, was ooms van mij ou-Ma. Sij vertel dat haar vader, Gert Vosloo, een dag 'n kanon uitgedenk het. Die planne was daar al lank om die Engelse uit te skiet, die saak was maar net hoe krij hulle dit reg? Dit was te Graaff Reinet gewees. Die kanon was van hout. Nou was die moeilikheid gewees om uit te vind, hoeveel munisie daarvoor nodig was. Een donker aand dra hulle die kanonnetje uit op 'n kop, hul wil dit perbeer. Hul set een pond kruit in...' 'Jij weet, mij kind, die kruit was maar altijd in sakkies van een pond...', viel geheel er in onse gastvrouw bij. 'Wel,' lachte de bezoekster, 'toe vat hulle 'n handvol geweerkools, hul denk dit sal voldoende wees en skiet af... Die kanon spat uit mekaar met 'n vreselike knal, dat dit so kraak oor die berge.' Mevr. Fick's zachte mond plooide rond, de putjes in de wangen verdiepten zich, alles lachte, lachte om de tekenende vertelling.

'Natuurlik sit Gert Vosloo die volgende morre in die blok, somarso openbaar tentoongestel. Daar kom 'n hotnot voorbij, hij draai om en blijvlak voor die blok staan en hij staan en lag met lekkere leedvermaak. 'So, so Baas Vosloo, sit jij hier?' Enige tijd later toe Vosloo uit is, ontmoet hij die hotnot in die veld. Hij wou juis sij pijp aansteek en hij vat sij pijp met die tabaksakkie in die een hand en grijp die hotnot met die ander hand, en hij vertel later dat die hotnot seker voor 'n paar dae die son nie aanskouw het nie." [12]

Volgens die skrywer van die artikel in Die Burger met die dood van Johan Christiaan Vosloo in 1917 was al Gerrit Vosloo se kinders op daardie stadium reeds oorlede. Sy jongste dogter Hilletjie Magdalena is in 1813 gebore en sy jongste kind Ferdinand Adriaan in 1817, so die kans is seker baie goed dat al sy kinders wel teen November 1917 al oorlede sou wees.[13]

Die betrokke dame moet dus na haar Ouma verwys het wat 'n dogter van Gerrit Vosloo was. Dit is ook interessant om daarop te let dat Gerrit Vosloo se tweede vrou, Adriana Elizabeth Welman, die stiefmoeder was van die twee Bothma-broers wat by Slagtersnek gehang is. Haar eerste huwelik was met hulle Pa Cornelis Bothma. Die twee broers was dus nie die verteller se Ouma se Ooms nie, maar wel die stiefseuns van hulle Ouma se stiefmoeder. As U hierdie familie-uitleg kan volg! In 'n boodskap aan die Genforum genealogiese poslys op 14 Maart 2003 het Magda Meyburgh genoem dat Cobus Venter, die man wat na bewering die bombardier was, volgens haar "pa se register en verhaaltjies" Jacob Venter, die negende kind van Pieter en Hester Nel was. Sy noem dat hy gedoop is op 15 Mei 1740 en op 9 November 1766 getrou het met Anna Booijsen.[14]

Word Vervolg...

[13] D.M. Jacobs: Die Vosloos, Nuttige Landsburgers, Deel 2, Die Familieregister, bl. 138.

[14] GenForum@yahoogroups.com - Sent: Friday, March14, 2003 *:14AM.

PLEASE

DIARISE THE FOLLOWING DATES:

FESTIVE SEASON BUSINESS HOURS

Friday 13 December:

Reinet House & The Old Residency: 08h00 - 16h00
The Old Library: 08h00 - 17h00
Urquhart House and The Military History Museum:
08h00 - 13h00

Saturday, 14 December

Reinet House : 09h00 - 13h00
The Old Library & The Old Residency: 09h00 - 12h00
Urquhart House and The Military History Museum:
Closed

Sunday, 15 December | Monday, 16 December:

Reinet House : 09h00 - 13h00
The Old Residency: 09h00 - 12h00
All Other Museums: Closed



Tuesday, 24 December & 31 December:

All Museums : 08h00- 15h00

ALL MUSEUM CLOSED ON CHRISTMAS AND NEW YEARS DAY

Thursday , 26 December

Reinet House : 09h00 - 13h00
The Old Residency: 09h00 - 12h00
All Other Museums: Closed





WORD TO PONDER...

Christmas isn't just a season—it's a feeling. It's the warmth of giving, the joy of sharing, and the love that lingers in every treasured moment. This Christmas, we celebrate not only the joy of the season but also the rich heritage and history that unite us as a community.

May the spirit of giving and togetherness continue to inspire us to honour our past and build a brighter future.

Have a blessed Christmas and
a Prosperous New Year

-The Board of Trustees and Staff of
The Graaff-Reinet Museum

